



HOËRSKOOL OOS-MOOT

AANHANGSEL A

BESLUIT VAN 'N VERGADERING VAN OUERS VAN LEERDERS

VERBONDE AAN HOËRSKOOL OOS-MOOT, GEHOU

OP 30 OKTOBER 2013

DAAR WORD SOOS VOLG BESLUIT:

1. Dat skoolgeld ooreenkomstig die bepaling van artikel 38 en 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (hierna 'die Skolewet') vasgestel en gehef sal word.
2. Dat die begroting, soos wat die beheerliggaam voorstel, goedgekeur word, en dat die beheerliggaam gemagtig word om tekorte wat op begrote bedrae vir bepaalde begrotingsitems ontstaan, uit oorskotte aan te vul wat by ander items kan ontstaan, mits die totale begroting nie sonder goedkeuring van 'n ouervergadering oorskry word nie.
3. Dat die voorgestelde aanstelling van bykomende personeel, en betalings ingevolge artikel 38A van die Skolewet, goedgekeur word.
4. Dat die skoolgeld betaalbaar sal wees ooreenkomstig die begroting wat deur die beheerliggaam voorgelê is.
5. Dat die volle uitstaande skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word indien enige paaient nie teen die betaaldag betaal is nie.
6. Dat alle ouers verplig sal wees om skoolgeld te betaal, tensy hulle ooreenkomstig die bepalinge van die Skolewet, enige toepaslike regulasies én hierdie besluit van sodanige betalings vrygestel is.
7. Dat ouers wat aanvoer dat hulle nie skoolgeld kan betaal nie, en daarom op algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld aanspraak maak (hierna 'die aansoeker(s)', ingevolge artikel 39(4) van die Skolewet, die regulasies wat daarin beoog word én hierdie besluit by die beheerliggaam om sodanige vrystelling moet aansoek doen.
8. Dat die aansoeker die beheerliggaam op oorwig van waarskynlikheid moet oortuig dat hy/sy op enige sodanige vrystelling geregtig is.

POSBUS 31208, TOTIUSDAL, 0134, HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, PRETORIA, 0186,

TEL: (012) 332-0601, FAKS:(012) 332 2457,

e-pos: oosmoot@global.co.za; webblad: www.oos-moot.co.za

9. Dat die aansoeker se aansoek:

9.1 skriftelik moet geskied in die vorm wat toepaslike regulasies voorskryf;

9.2 die totale jaarlikse en maandelikse bruto inkomste en uitgawes uiteensit van die aansoeker self, enige ander persoon/persone wat ingevolge die Skolewet as ouer(s) van die betrokke leerder(s) in aanmerking kom, en enige ander verdieners in die huishouding, met stawende dokumente waar moontlik;

9.3 die bates (teen markwaarde) en laste van die aansoeker moet uiteensit, met stawende dokumente waar moontlik;

9.4 die samestelling van die aansoeker se gesin moet uiteensit;

9.5 moet aandui of daar om algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld aansoek gedoen word; en

9.6 elke moontlike tersaaklike feit moet bevat wat die aansoeker ter ondersteuning van die aansoek wil aanvoer.

10. Dat die beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige inligting aan te vra of in te samel as wat na die oordeel van die beheerliggaam nodig is vir die regverdige en billike beoordeling van 'n aansoek om vrystelling van betaling van skoolgeld.

11. Dat geen aansoek om vrystelling wat nie aan die voorskrifte van hierdie besluit voldoen, oorweeg sal word nie, tensy die beheerliggaam oortuig kan word van buitengewone omstandighede wat die nie-nakoming van die prosedure regverdig.

12. Dat die beheerliggaam geregtig sal wees om die bevoegdheid om 'n aansoek om vrystelling, soos wat hierbo bedoel word, te ontvang, te oorweeg en te beslis, aan 'n komitee van die beheerliggaam te deleger.

13. Dat die aansoeker binne sewe dae ná besluit van die komitee skriftelik daarvan in kennis geset sal word.

14. Dat 'n aansoeker wat hom/haar veronreg voel deur 'n beslissing van 'n komitee van die beheerliggaam, soos wat in paragraaf 12 bedoel word, geregtig sal wees om binne sewe dae ná ontvangs van die uitslag van sy/haar aansoek, skriftelik na die beheerliggaam te appelleer. Die appèl sal nie deur die beheerliggaam van die hand gewys word, sonder dat die aansoeker geleentheid gebied is om mondelings aangehoor te word nie.

15. Dat behoudens 'n aansoeker se reg om ingevolge artikel 40(2) van die Skolewet na die Departementshoof van Onderwys te appelleer, die beheerliggaam se beslissing finaal sal wees.

16. Dat die enigste maatstaf waarvolgens die komitee van die beheerliggaam sal oordeel of enige tipe vrystelling verleen sal word of nie, die aansoeker se voldoening aan die vrystellingskriteria sal wees, soos dit verskyn in die Skolewet en enige toepaslike regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is.
17. Dat hierdie besluit nie die ouer of die skool daarvan weerhou om 'n ooreenkoms aan te gaan om skoolgeld op 'n ander wyse te betaal as wat hierin voorgeskryf word nie.
18. Dat die beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige vrystellingsvoorwaardes as wat redelik geag kan word, aan 'n aansoeker op te lê.
